Kili vir Bybels

Contributed by Administrator
Monday, 18 May 2009
Last Updated Wednesday, 20 May 2009

{tab=Oorsig}

{tab=Dag 1}DAG 1
Scroll down for English

Môre hier vanaf Moshi aan die voet van Kilimanjaro – die adrenalien pomp en binne ’n paar uur gaan ons die staptog na die hoogste bergpiek in Afrika begin. Baie dankie aan almal wat Bybels laat instroom vir die mense van ons land. Ons is stewig op pad na die eerste 1,000 Bybels, maar onthou Kilimanjaro is 5,895 m = 5,895 Bybels hoog. Omdat dit so belangrik is dat ons werklik Bybels in die hande en harte van die mense van ons land plaas, wil ek vir jou vra om nou jou bydrae te maak soos wat ek jou in ’n vorige e-pos versoek het!

Dit is nou 5:00 in Moshi (3:00 in Namibië). Ons spring so 8:30 hier weg en hoop om so teen middagete by ons eerste oornagpunt te wees. Vandag stap ons vanaf die Marangu hek, hoofsaaklik deur die reënwoud en omdat dit reënseisoen is, verwag ons nie om baie droog daar uit te kom nie. Ons oornag by die Mandara hut. (Gaan maak gerus ’n draai op Google Earth en stap so die Marangu roete saam met ons.)

Ons het Saterdagaand in Nairobi oorgeslaap en gisteroggend per bus na Moshi gereis. Hierdie minder as 400 km het ons ’n goeie deel van 9 ure geneem om af te lê. Om die minste te sê – baie van die grondpaaie in Namibië is beter as die teerpaaie hier rond, maar moet ek darem bysê dat ’n groot deel van die stadige tog is padwerke om die bestaande teerpad op te gradeer. By ons aankoms in Moshi is ons deur ons gidse ingewag, wat ons eerstehands ingelig het wat ons te wagte kan wees. Die meeste draai egter rondom “summit day” en/of ons reg gaan wees vir temperature tot -20 grade onder vriespunt. Ons gids het ons ook “ingelig” dat sy “success rate” is 98.77% (teenoor die gemiddelde 60%), wat vir ons min of meer geklink het dat as ons nie meer kan loop nie, dat hy ons die berg uit gaan dra! Ons het lekker geslaap en is gereed vir die eerste treë van ’n opwindende ses dae.

Nou ja, groete vir eers en as die tegnologie hou, gaan ons probeer om julle treetjie vir treetjie op hoogte te hou van wat met ons gebeur. Skakel gerus ook in op Kosmos 94.1 vir lewendige onderhoude van die berg af. Of skakel die Bybelhuis vir meer inligting by 23 5090 in Windhoek.

Baie dankie ook aan The Tow in Specialist vir julle groot donasie om Bybels te kan koop.

Bid asb. saam met ons dat ons ’n “goeie pad” sal hê en veral dat ons nie akute hoogtesiekte sal kry nie!

"Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom, My hulp kom van die Here, wat hemel en aarde gemaak het. Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie... (Ps. 121)

Groete.
Barnie en Milankie

Good morning from Moshi at the foot of Kilimanjaro – the adrenaline is pumping and within a few scant hours we will start the walk up to the top of the highest mountain in Africa. Thank you very much to everyone who has so far contributed to placing Bibles in the hands of the people of our country. We are well on our way to the first 1,000 Bibles, but remember, Kilimanjaro is 5,895m = 5,895 Bibles high. It is so important that we place Bibles in the hands and hearts of the people of our country, and for this reason I ask that you please make your contribution, as I requested in my previous e-mail to you!

It is now 05:00 in Moshi (03:00 in Namibia). Our big walk starts at 08:30 and our hope is to reach our first overnight spot by lunch time. We start today from the Marangu gate, mostly through the rain forest and because it is still the rainy

season, we don’t expect to be very dry when we reach our first destination! We will overnight at the Mandara hut. (Please visit Google Earth and “walk” the Marangu route with us.)

We spent Saturday night in Nairobi and travelled to Moshi by bus yesterday morning. This trip – of less than 400km – took us the better part of 9 hours to cover. To say the least – most of the gravel roads in Namibia are in a better condition than the tarred roads here; but I must add that a lot of the delay is due to road works in order to upgrade the existing tar roads. Upon arrival at Moshi, we were met by our guides, who immediately informed us as to what is in store for us. Most of their emphasis was on “summit day” and whether or not we will be ready to brave temperatures that can drop to below -20 degrees. Our guide also “informed” us that his “success rate” is 98.77% (substantially higher than the average of 60%), which to our ears sounded like he would carry us the rest of the way if we can’t climb all the way! We slept very well and are very ready for the first step of an exciting 6-day journey.

Well, goodbye for now; if technology doesn’t fail us, we will try to keep you updated every step of the way. Tune in to Kosmos 94.1 for live interviews from the mountain. Alternatively, call the Bible House on 23 5090 in Windhoek, for more information.

A very big thank you to the Tow-in Specialist for your big donation to enable us to buy Bibles.

Please pray with us that we will have a good journey and especially that we won’t get acute altitude sickness!

“I lift my eyes to the hills—where does my help come from?2 My help comes from the Lord, the Maker of heaven and earth. 3He will not let your foot slip— …(Ps. 121, NIV)

Regards

Barnie en Milankie

{tab=Dag 2}
DAG 2
Scroll down for English

Gister was 'n heerlike en maklike dag en glad nie so moeilik soos wat ons verwag het nie. Ons het die heel dag deur die reënwoud gestap wat 'n mens baie herinner aan die Otter staproete in SA. Die pas wat ons stap is frustrerend stadig, maar dis skynbaar die geheim om bo uit te kom. In Swahili sê hulle 'pole-pole', wat stadig-stadig beteken.

Teen laat middag was ons by Mandara hut op 2,700m, wat so hoog is soos die Brandberg. Nadat ons ons rugsakke neergesit het, het ons gidse ons badwater vir die dag gebring, wat 'n bietjie warm water in 'n klein skotteltjie was. Na 'n koppie tee het ons na die Maundi krater gestap wat so bietjie hoër is as ons oornagpunt. Hulle sê hier 'walk high, sleep low' wat deel van die proses is om hoogtesiekte teen te werk.

Vandag stap ons na die Homboro hut, wat ons so 5 ure behoort te neem. Gister het ons glad nie vir Kili gesien nie. Ons verwag om so binne 'n uur of twee uit die reënwoud te wees en dan 'n blik op die hoogste punt in Afrika te kry.

Ons gidse is albei Christene en ons het gister heerlik met hulle gesels. Hulle is deeglik bewus van dieBybelgenootskap hier in Tanzanië, en veral Bybelvertaling, omdat die Bybel in hulle moedertaal vertaal word. Dit het ons weereens bewus gemaak van die werk van Bybelgenootskappe dwarsdeur die wêreld.

Daarmee wil ons weer vra, laat die Bybels rol... Stuur jul borgvorms via e-pos of per faks 088616726 met die aantal Bybels wat jul wil borg. Skakel Bybelhuis by 235090 in Windhoek of gaan na www.kosmos.com.na.

Julle kan ook ons vordering volg deur na Kosmos 94.1 en na van die ander radio stasies te luister.

Nog eens dankie aan The Tow In Specialist vir julle bydrae.

Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus. (Fil 3:14)

Groete.

Barnie en Milankie

Yesterday was a wonderful and easy day – it was not at all as tough as we thought it would be. We spent most of the day walking through the rain forest, which is very reminiscent of the Otter Route in SA. The pace at which we were walking was frustratingly slow, but as we’ve been told, this is the secret to reaching the top. In Swahili they say “pole-pole”, which means “slowly slowly”.

By yesterday late afternoon we reached Mandara hut – at 2,700m this is as high as the Brandberg. After we got our backpacks off our backs, our guides brought us our bath water for the day – a little warm water in a small basin. After a cup of tea we walked to the Maundi Crater, which is just a little higher than our overnight spot. Mountain rules here say “walk high, sleep low”; this is part of the technique to combat altitude sickness.

Today our route will take us to the Homboro hut, which should take us about 5 hours. Yesterday we still couldn’t see Kili. Our expectation is to be out of the rain forest within the next hour or two and then to catch our first glimpse of the highest point in Africa.

Both our guides are Christians and we had the most delightful conversation with them. They are thoroughly aware of the Bible Society in Tanzania and especially of the Bible translation work that is in progress – at the end of it they will have the Bible available in their mother-tongue. This just reminded us once again of the work and impact of Bible Societies the world over.

With this we would like to ask for contributions that will climb as steadily as we are doing all the way to the top of Kili. Send your sponsorship form via mail or fax 088616726 with the amount of Bibles you would like to sponsor. For any other information please call the Bible House on 235 090 in Windhoek or visit www.kosmos.com.na.

You can also follow our progress by listening to Kosmos 94.1 or any of our other radio stations.
Once again, thank you to the Tow-in Specialist for your contribution.

I press on towards the goal to win the prize for which God has called me heavenwards in Christ Jesus. (Phil. 3:14) (NIV)

Regards

Barnie en Milankie
{tab=Dag 3} DAG3 Scroll down for English

Gister was wat die weer betref maar droewig. Alhoewel die reën ons gespaar is, was dit 'n koue en mistige dag. Ons het so daarna uitgesien om uit die reënwoud te stap en ons eerste werklike blik op die spits van Kilimanjaro te beleef. Maar dit was ons nie beskore nie! Ons het wel by geleentheid 'n vinnige blik gehad op Mawenzi piek wat 5,195 m hoog is. (Die hoogste piek van Kilimanjaro waarheen ons oppad is, se naam is Uhuru piek en is 5,895 m hoog.)

So oppad het ek en Milankie vir mekaar gesê dat ons die tog beter vat as wat ons gedink het en tot op hede toon ons geen teken van hoogtesiekte nie. Ons sê toe dat ons wonder of ons nie die dag klimatisering (Woensdag) moet uitskakel nie, maar besluit toe dat ons dit in die hande van ons gidse sal los en dat ons net daaroor sal praat as hulle die sakie sou aanraak. Gisteraand het hulle toe inderdaad die voorstel gemaak, wat nou beteken dat ons gaan probeer om Donderoggend vroeg Uhuru piek te bereik, ipv Vrydag soos wat ons beplan het. Onnodig om te sê dat die adrenalien onmiddelik begin pomp het!!!

Soos gister gesê ons Tanzaniese gidse is baie gelowig en ons leier kyk na alles vanuit hierdie perspektief en is ook nie skaam om daaroor te praat nie. So in die mis het ons toe maar baie gesels en iets wat ek graag wil deel is sy verstaan van die Drie-Eenheid. Sy een perspektief is dat God die Vader gesien kan word as die President, Jesus Christus is die 'Chief Minister' en die Heilige Gees is die 'Minister of Home Affairs'. Later het hy dit so verduidlik: Jesus is die water (wat lewe gee), God die Vader is die ys en die Heilige Gees is die waterdamp (mis). Miskien stem ons nie noodwendig met sy teologie saam nie, maar een ding is seker, hy lees sy Bybel en hy probeer sy bes dat alles binne sy vewysingsraamwerk sin maak. Sy Bybel is vir hom belangrik! Dit is so nodig dat die mense in ons land ook 'n Bybel kan hê, wat ook vir hulle belangrik is wat ook in hulle lewens 'n verskil te kan maak.

As jy nog nie besluit het om hierdie Kili vir Bybels projek te ondersteun nie, wil ek jou vra om dit vandag nog te doen - voor die lekker langnaweek. En onthou, jy hoef nie dadelik 'n bydrae te maak nie, maar wanneer dit jou pas en jy kan dit selfs oor 'n tydperk bydra. Die belangrik is egter dat jy dit wel sal doen! Sodoende help jy ons om oor die N$60 000 merk te kom wat ‘n totaal van 932 Bybels kan wees! Voltooi net die vorm wat ek vroeër vir jou gestuur het of gaan na

www.kosmos.com.na.

Dankie aan The Tow in Specialist wat gesê het dat hulle ons die laaste paar meters teen die berg sal kom uit 'winch' as ons bene dit nie meer wil maak nie.

Luister na ons vordering deur na Kosmos 94.1 en van die ander radio stasies te luister.

Bid asseblief vir vandag en vir die koue wat in alle erns in op ons gaan toeslaan!

Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag. Deur die krag waarmee Hy alles aan Homself onderwerp, sal Hy ons nederige liggame verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees. (Fil. 3:20,21)

Groete.

Barnie en Milankie

Yesterday was, concerning the weather, a miserable day. Although we were spared the rain, the day was cold and misty. We were so excited to walk out of the rain forest and experience our first sight of Kilimanjaro’s apex; but, it was not meant for us. We did have the opportunity to briefly see Mawenzi peak which is 5,195m high. (The highest peak of Kilimanjaro – to which we are well on our way – is called Uhuru peak and is 5,895m high.)

Along the way Milankie and I said to each other that we are taking the journey a lot better than we expected and till present we are not showing any signs of altitude sickness. Our next thought was that we skip the day’s climatization (Wednesday), but we decided to leave that decision in the hands of our guides and that we will only talk about it if they happen to raise the issue. Indeed, last night they did make the suggestion, which means that now we will try to reach Uhuru peak by Thursday morning, instead of Friday like we planned. Needless to say that immediately the adrenaline started pumping again!

As I said yesterday, our Tanzanian guides are strong believers and our leader looks at everything out of this perspective – and he is not at all shy to talk about it. In the mist as we were, we talked a lot and something that I would like to share is his understanding of the Trinity. His one perspective is that God the Father is the “President”, Jesus Christ the “Chief Minister” and the Holy Spirit the “Minister of Home Affairs”. Later he explained it like this: Jesus is the water (which gives life), God the Father is the ice and the Holy Spirit is the water vapour (mist). We might not necessarily agree with his theology, but one thing is certain, he reads his Bible and he tries his level best to have everything in his reference framework make sense. His Bible is very important to him! It is a necessity that the people in our country also have their own Bibles, which can be important to them and make a difference in their lives.

If you still haven’t made the decision to support this Kili for Bibles project, I ask you to decide today, before the nice long weekend. Remember, you don’t have to make your donation immediately; you can do it when it suits you, and even over a period of time instead of all at once. What is important is just that you support this cause. With this you can help us surpass the N$60 000 mark which equals 932 Bibles! Just complete the form which I sent to you earlier or visit www.kosmos.com.na.

Thank you to the Tow-in Specialist; they said that they are prepared to winch us up the last couple of meters should our legs fail us on the home stretch!

You can also follow our progress by listening to Kosmos 94.1 or any of our other radio stations.

Please pray for today – that we can continue being resistant to altitude sickness – and also for the cold, which is coming down on us with a vengeance!

But our citizenship is in heaven. And we eagerly await a Savior from there, the Lord Jesus Christ, who, by the power that enables him to bring everything under his control, will transform our lowly bodies so that they will be like his glorious body. (Phil. 3:20,21) (NIV)

Regards

Barnie en Milankie

{/tabs}